higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

12 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 C
1.1.2 A
1.1.3 D
1.1.4 G
1.1.5 N
1.1.6 O
1.1.7 M
1.1.8 E
1.1.9 J
1.1.10 B

(10 × 1) (10)

1.2
1.2.1 Onwaar✓ – Kinders ontwikkel fyn motoriese vaardighede die beste wanneer hulle op 'n vertikale oppervlak werk.✓

1.2.2 Onwaar✓ – 'n Sielkundige behandel emosionele probleme wat kinders ervaar.✓ OF 'n Arbeidsterapeut behandel fisiese probleme wat kinders ervaar.

1.2.3 Waar

1.2.4 Waar

1.2.5 Onwaar✓ – Die kook-aktiwiteit is die beste geskik vir die gevoel-en-kenniseenheid ('sensing and knowing unit').✓

1.2.6 Waar

1.2.7 Waar

(10 × 1) (10)

1.3
1.3.1 A
1.3.2 B
1.3.3 B
1.3.4 A
1.3.5 C
1.3.6 B
1.3.7 A
1.3.8 C
1.3.9 A
1.3.10 C

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 1.4.1
- Balans
- Groot motoriese vaardighede (Enige EEN)

1.4.2 Visuele diskriminasie/onderskeid

1.4.3
- Oog-handkoördinasie
- Fyn motoriese vaardighede (Enige EEN)

1.4.4
- Oog-voetkoördinasie
- Kleinspier (Enige EEN)

1.4.5
- Oog-handkoördinasie
- Okulêre motoriese beheer (Enige EEN)

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

- Versterking
  Versterk positiewe gedrag deur op 'n positiewe manier te reageer. Dit hoef nie verbaal te wees nie, maar kan deur 'n glimlag of drukkie oorgedra word.
- Ignoreer
  Ignoreer enige negatiewe gedrag deur die kind. 'n Kind kan doelbewus negatiewe gedrag toon om die opvoeder of ander kinders te irriteer. Dit word gebruik as 'n meganisme om aandag te trek.
- Blaaskans of onderbreking ('time out')
  Verwyder die kind 'n ruk lank. Die kind moet nie alleen gelaat word wanneer hy verwyder word nie. Die kind se ouderdom is 'n aanduiding van hoe lank die onderbreking moet duur.
- Herleiding
  Herlei die kind se aandag van dít wat hy verkeerd doen. Dit help met jonger voorskoolse leerders. Gee vir die kind 'n speelding wat 'n geluid maak om sy aandag af te trek.
- Bespreking
  Bespreek die kind se negatiewe gedrag met hom/haar in 'n stil deel van die vertrek. Die kind is dikwels bereid om met die opvoeder saam te werk om die probleem op te los. Probeer om saam 'n oplossing te vind.
- Spesiale tyd
  Die educare-opvoeder moet elke dag 'n paar minute opsysit om tyd saam met die kind te spandeer. Kinders doen dikwels goed om aandag te trek. 'n Kompliment, 'n drukkie of 'n aanraking op die skouer stuur die boodskap dat jy van die kind bewus is en dit lat die kind spesiaal voel.
- Ster-kaart
  'n Sigbare manier van versterking (kaart) wat rekords van suksesse en nie mislukkings nie, toon. Dit dui aan watter vordering die kind in die rigting van toepaslike gedrag gemaak het; plaas byvoorbeeld 'n ster langs die kind se naam wanneer hy/sy die area netjies laat.
- Neem voordele weg
  Neem voordele weg indien onaanvaarbare gedrag getoon word; byvoorbeeld die kind kan nie na sy/haar gunsteling TV-program kyk nie. Die straf moet by die kind se ouderdom pas. Dit is belangrik om daarop te let dat dit by die huis, en nie by die dagsorgsentrum nie, moet plaasvind.
- Kombinasie van metodes
  Dit is soms nodig om party van hierdie metodes te kombineer. 'n Bespreking van die kind se gedrag en waarom hy gestraf is, moet daarná plaasvind. (Enige toepaslike VYF antwoorde)

(EEN punt vir tegniek en TWEE punte vir verduideliking)(5 × 3) (15)

2.2 2.2.1

- Om aandag te kry
- Reaksie op omgewing
- Ontwikkelingstadium
- Dramatiese ervaring
- Om ouers se samewerking te kry
- Om hul frustrasie te toon met hul onvermoë om gevoelens in woorde te kan uitdruk
- Onvolwasse gedrag
- Gebrek aan sosiaal aanvaarbare gedrag (Enige 5 × 1) (5)

2.2.2

- Voer aktiwiteite in wat onafhanklikheid aanmoedig.
- Ignoreer die woede-aanvalle.
- Lei die kind se aandag af sodra jy tekens van 'n woede-aanval sien.
- Gaan voort met die positiewe versterking wanneer die gedrag verbeter.
- Bespreek dit met die ouers, wat ferm en konsekwent moet wees.
- Leer meer oor die onderwerp.
- In die eerste jaar, gee leiding en wees sagmoedig.
- Bly kalm.
- Moenie 'n wrok jeens die kind koester nie. (Enige 5 × 1) (5)

2.3 2.3.1 Teruggetrokke, ongemaklik in ander se geselskap, skrik maklik of selfbewus

2.3.2 Ongelukkige of ontstelde gevoel dat jy dit wil hê wat iemand anders het.

OF

'n Ongelukkige of ontstelde gevoel omdat jy glo dat iemand vir wie jy lief is (soos jou man of vrou – in die geval van kinders, betekenisvolle ander mense) van iemand anders hou of dat iemand anders op hulle verlief is.

2.3.3 Dit is 'n irrasionele, onredelike vrees vir 'n voorwerp of situasie.

2.3.4 'n Ernstige fisiese en emosionele siekte waarin 'n abnormale vrees om vet te wees lei tot swak eetgewoontes en gevaarlike gewigsverlies.

OF

Wanneer 'n kind uitermate maer is en aanhou gewig verloor; en nie daarin belangstel om te eet nie, of braak nadat hy/sy geëet het. Hulle beskou hulself ook as vet, alhoewel hulle maer is.

2.3.5 Wanneer die kind aanhou om goed te vat wat nie aan hom of haar behoort nie.

(5 × 2) (10)

2.4 2.4.1
- Oorerflik
- Vertraagde blaasmaturasie (ontwikkeling/rypwording)
- Lae anti-diuretiese hormone (ADH)
- Diep slapers
- Kleiner funksionele blaas
- Hardlywigheid (Enige 5 × 1) (5)

2.4.2
- Moedig die kind aan om toilet toe te gaan voordat hy/sy gaan slaap.
- Beperk 'n kind se vloeistofinname voor slapenstyd.
- Moedig die kind aan om betyds wakker te word en toilet toe te gaan.
- Bedek die matras met plastiek.
- Gebruik bednatmaak-alarms wat urine bespeur en die kind wakker naak sodat hy toilet toe kan gaan.
- Volwassenes moet kinders op die toepaslike tyd leer om 'n potjie/toilet te gebruik.
- Vermy dit om die kind van die doeke af te haal wanneer hy/sy emosionele probleme ervaar, byvoorbeeld stres, egskeiding, verhuising, hospitalisasie.
- Moedig die kind aan om klere te dra wat hy maklik kan uittrek.
- Doen blaasoefeninge.
- Wees ondersteunend en simpatiek. Moenie die kind straf of terg nie.
- Lei die kind se aandag af, byvoorbeeld deur vir hom/haar 'n storie te vertel.
- Hou altyd ekstra klere byderhand.
- Adviseer ouers om 'n pediater te besoek, wat dalk medikasie sal voorskryf. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1
- Maak kinders die middelpunt van leer.
- Moedig die kinders aan om te leer. Voorsien hulle van vryheid in 'n voorbereide omgewing.
- Neem kinders waar sodat jy die bes moontlike omgewing vir hulle kan voorberei.
- Berei die leeromgewing voor deur te verseker dat die materiale voorsien word.
- Respekteer elke kind en modelleer deurlopende werk vir al die kinders.
- Stel kinders bekend aan leermateriale, demonstreer leermateriale en ondersteun die kinders se leerproses. (Enige 5 × 1) (5)

3.2
- Elke kind word as 'n unieke individu waardeer.
- Montessori-studente begin op 'n vroeë ouderdom om orde, koördinasie, konsentrasie en onafhanklikheid te ontwikkel.
- Studente is deel van 'n hegte, sorgsame gemeenskap.
- Montessori-studente geniet vryheid binne grense.
- Studente word ondersteun om aktiewe soekers na kennis te word.
- Selfkorreksie en selfassessering is 'n onlosmaaklike deel van die benadering in die Montessori-klaskamer. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

3.3
- Montessori: Gun ruimte om al hoe meer onafhanklik te word.
  Tradisioneel: Daar is deurlopende toesig oor die kind.
- Montessori: Lei en rig die kind.
  Tradisioneel: Beveel die kind.
- Montessori: Wys nie die kind op dit wat ander kinders doen nie.
  Tradisioneel: Vergelykings word getref.
- Montessori: Moedig die kinders aan om onafhanklik te wees.
  Tradisioneel: Groepwerk word aangemoedig.
- Montessori: Straf of raas nie met die kind nie.
  Tradisioneel: Die een of ander vorm van straf vind plaas.
- Montessori: Onderwyser is liefdevol, vrolik en entoesiasties.
  Tradisioneel: Onderwyser is geneig om outoritêr op te tree ten einde dissipline en beheer oor die omgewing uit te oefen.
- Montessori: Bied die kind maksimum spontaneïteit en laat die kind toe om 'n beter verwerwingsvlak te bereik.
  Tradisioneel: Grense word gestel wanneer die leerder vir 'n aktiwiteit uitgaan. Dit is beperkend van aard.
- Montessori: Jaag nie 'n kind aan nie.
  Tradisioneel: Tydsraamwerke word aan aktiwiteite gekoppel weens tydsbeperkings.
- Montessori: Laat die kind volgens sy/haar vrye keuse werk.
  Tradisioneel: Beperkend van aard weens inhoud wat afgehandel moet word.

(EEN punt vir Montessori-metode, EEN punt vir tradisionele metode)
(Enige tersaaklike 5 × 2) (10)

3.4
- Personeelontwikkeling: voorsien opleidingsprogramme vir diegene wat in kleinkindontwikkeling (ECD) werk, byvoorbeeld opleiers, onderwysers en ouers.
- Netwerk met ander organisasies.
- Voorsien navorsing en ontwikkeling op die terrein van ECD.
- Voer navorsing uit en deel bevindings (ECD-voorsiening, -beleid en -kurrikulum).
- Publiseer materiaal wat teen vooroordeel gerig is.
- Reël gemeenskapsbou-byeenkomste om bewustheid van kinderregte te verhoog.
- Bou voort op bestaande kennis en vaardighede.
- Ondersteun diegene wat by jong kinders betrokke is.
- Bied konsultasie, opleiding en ondersteuning aan organisasies en individue wat in ECD werk.
- Help ander organisasies regdeur Suid-Afrika om opleidingsprogramme op te stel.
- Verskaf inligting oor ECD-praktyk en -materiaal aan Afrika en ander dele van die wêreld. (Enige 5 × 1) (5)

3.5
- Betrek kinders by die omgewing.
- Bied nuwe insig en ervaring vir jong kinders.
- Verhoog en brei hul kennis uit.
- Laat kinders toe om vrylik rond te beweeg en vrae te vra oor dit wat hulle waarneem.
- Kan gedragsprobleme verminder. (Enige tersaaklike 5 × 2) (10)

3.6
- Kleur
- Deursigtigheid
- Tekstuur
- Massa
- Hard en sag (5)

3.7
- Hooffokus van die befondsing is om graad R-dienste in openbare skole uit te brei – maar 70% van die kinders woon nie graad R by nie.
- Daar is 'n stryd in die landelike gebiede om toegang tot befondsing en hulpbronne te verkry om jong kinders en families in hul gemeenskappe van die ECD-dienste wat hulle benodig te voorsien.
- Daar is geen aangewese agentskap om toesig te hou oor die integrasie, implementering en evaluering van die ECD-programme nie.
- Dit is vir sentrums in arm gemeenskappe moeilik om by die DSD te registreer en aan die streng standaarde te voldoen.
- Die ECD-opvoeders in die agtergeblewe gebiede het dikwels gebrekkige toegang tot die nodige onderwys en opleiding.
- ECD word nie as 'n aantreklike loopbaan vir onderwys-beroepslui beskou nie. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Gebrek aan selfvertroue
- Afhanklik
- Huisgebonde
- Swak koördinasie
- Swak persepsie van tyd
- Lae uithouvermoë
- Kort aandagspan
- Growwe of onvolwasse toiletmaniere
- Infantiele (kinderagtige) spraak/gedrag (Enige 5 × 2) (10)

4.2 4.2.1 Bewegings van die klein/fyn spiere in die liggaam

4.2.2 Kind se bewustheid van sy/haar liggaam en die moontlikhede van die liggaam (wat die liggaam kan/nie kan doen nie)

4.2.3 Vermoë van die brein om deur die oë kontak met die buitewêreld te maak

4.2.4 Innerlike bewustheid van die twee kante van die liggaam

4.2.5 Term wat gebruik word om te verwys na 'n biologiese groeiproses in 'n kind se ontwikkeling, sowel fisies as verstandelik

(5 × 2) (12)

4.3 4.3.1 Die kind se taal ontwikkel deur te luister en te kyk.
Die kind ontwikkel sy taal deur deelname aan aktiwiteite.

(2 × 2) (4)

4.3.2
- Dink jou eie storie uit.
- Vertel iets interessants, byvoorbeeld wat het jy die naweek gedoen?
- Beskryf wat jy sal saamneem wanneer jy 'n aktiwiteit doen, byvoorbeeld gaan visvang; kerk toe gaan.
- Telefoongesprek oor 'n speelgoedtelefoon in die fantasie-area.
- Laat die kind die verskille/ooreenkomste tussen voorwerpe beskryf.
- Die gebruik van raaisels: wat het bene maar kan nie loop nie – tafel.
- Die gebruik van woordraaisels: Gee 1 woord vir tafels, stoele, beddens (meubels); wortels, aartappels, kool (groente).
- Noem 'n par troeteldiere/vrugte: NAVRAAG/ONDERSOEK-OEFENINGE
- Wat sal jy doen wanneer die telefoon lui/iemand aan die deur klop?
- Antwoord JA of NEE

(Enige DRIE toepaslike antwoorde).

Passiewe taalontwikkeling:
- Luister na 'n storie wat vertel word.
- Luister na stories op 'n CD.
- Blaai deur 'n boek terwyl jy na stories op 'n CD luister.
- Luister na versies/gedigte.
- Kyk na dramatiese toneelspel/opvoerings.

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

4.4 4.4.1 Verwys na die versameling van data en organisering daarvan op verskillende maniere. (2)

4.4.2
- Versamel inligting
- Tel en hou telling van
- Neem portuurgroep waar
- Sorteer voorwerpe
- Maak grafieke met regte dinge – maak prentgrafieke
- Lees grafieke
- Doen waarnemings van 'n grafiek af
- Werk met tellingmerke en vergelyk hul resultate met 'n vriend Vra vrae oor grafiekresultate. (Enige 4 × 1) (4)

4.5
- Kinders kan voorspellings maak oor wat volgende kom.
- Hulle kan aktiwiteite voorspel, soos dat opruim ná middagete kom, wat sal help om goeie etiket te ontwikkel.
- Hulle kan aktiwiteite voorspel, soos om skoon klere aan te trek nadat 'n mens gestort het, wat sal help om goeie etiket te ontwikkel.
- As kinders hierdie konsepte begryp, sal dit hulle help om met meer selfvertroue in hulle omgewing te beweeg. (Enige 3 × 2) (6)

4.6
- Benut geleenthede om vorms aan die kind uit te wys, byvoorbeeld die motor se bande is rond en lyk soos 'n sirkel.
- Vestig die kind se aandag op aspekte soos 'wie se skoene is die grootste of kleinste?'
- Sorteer blokkies volgens vorms.
- Gebruik 'n vormbal, waar die kind die verskillende vorms in die korrekte opening moet pas.
- Speel 'n domino-speletjie met vorms. (Enige 2 × 2) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou